# HOOFSTUK 5

## BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN

### 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie ondersoek is om faktore wat die vakkeuse van leerlinge aan die einde van standerd agt beïnvloed, vas te stel. In hoofstuk een word die probleem volledig uiteen gesit. Vervolgens is 'n literatuurstudie oor die aangeleentheid gemaak om sodoende verdere lig op die faktore wat vakkeuse kan beïnvloed, te werp. In hoofstuk drie is besondere aandag aan die questionnaire, wat in hierdie ondersoek as metode gebruik is, gewy. In hoofstuk vier is die responsies van die respondente op die vraelys getabelleer, ontleed en afleidings gemaak.

In wat hierop volg word samevattings en gevolgtrekkings gemaak na aanleiding van die data uit die vorige hoofstukke en wel onder die volgende hoofde: Invloedspersone, die positiewe invloed van vakke, die negatiewe invloed van die vakke en die invloed van die positiewe en die negatiewe eienskappe van die vakonderwyser. Ten slotte sal aanbevelings ter moontlike verbetering van die wyse waarop leerlinge 'n vakkeuse doen, gemaak en die implikasies daarvan bespreek word.

### 5.2 DIE ROL VAN INVLOEDSPERSONE EN -INSTANSIES

Die invloedspersone en -instansies kan gerieflikheidshalwe in die volgende groepe verdeel word, naamlik die huis - waaronder vader of moeder en broers of susters geklassifiseer word -; 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is; maats; en die skool - waarby die klasonderwyser, die voorligteronderwyser en die skoolhoof ingesluit word.

Ten einde die invloed van verskillende persone oorsigtelik te beskou, is tabelle 67 tot 76 saamgevat in tabel 77.

TABEL 77

SAMEVATTING VAN DIE INVLOED VAN VERSKILLENDE INVLOEDSPERSONE OP DIE VAKKEUSE VAN RESPONDENTE[1]

| VERANDERLIKES | Ouers | Persoon in 'n beroep | Maats | Broers of Susters | Vakonderwyser | Voorligteronderwyser | Skoolhoof | Registeronderwyser |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Globaal[2] | 25,656 | 21,929 | 16,885 | 12,060 | 11,840 | 3,070 | 2,631 | 0,887 |
| U-kursusseuns | 27,94 | 23,53 | 8,09 | 12,50 | 14,71 | 0,74 | 2,93 | - |
| E-kursusseuns | 21,67 | 17,50 | 22,50 | 10,83 | 10,00 | 6,67 | 4,17 | 2,50 |
| U-kursusdogters | 31,94 | 22,22 | 9,72 | 16,67 | 9,72 | 2,78 | 4,17 | 1,39 |
| E-kursusdogters | 23,44 | 24,22 | 25,00 | 10,16 | 11,72 | 2,34 | - | - |
| 15-jarige U-kursusseuns | 25,00 | 18,75 | 4,69 | 17,19 | 23,44 | 1,56 | 1,56 | - |
| 15-jarige E-kursusseuns | 9,38 | 25,00 | 34,38 | 9,38 | 12,50 | 9,38 | - | - |
| 16-jarige U-kursusseuns | 30,56 | 27,78 | 11,11 | 8,33 | 6,94 | - | 4,17 | - |
| 16-jarige E-kursusseuns | 27,38 | 13,10 | 19,05 | 11,90 | 7,14 | 5,95 | 5,95 | 3,57 |
| 15-jarige U-kursusdogters | 32,50 | 15,00 | 7,50 | 17,50 | 12,50 | 5,00 | 5,00 | 2,50 |
| 15-jarige E-kursusdogters | 26,19 | 25,00 | 25,00 | 8,33 | 11,90 | 3,57 | - | - |
| 16-jarige U-kursusdogters | 31,25 | 31,25 | 12,50 | 15,63 | 6,25 | - | 3,13 | - |
| 16-jarige E-kursusdogters | 18,18 | 22,73 | 25,00 | 13,64 | 11,36 | - | - | - |
| U-kursusseuns: beoog universiteit of kollege | 30,68 | 25,00 | 7,95 | 7,95 | 15,91 | 1,14 | 2,27 | - |
| U-kursusseuns: beoog ander opleiding | - | 25,00 | - | 25,00 | 50,00 | - | - | - |
| U-kursusseuns: geen verdere studie of onseker | 25,00 | 20,45 | 9,09 | 20,45 | 9,09 | - | 4,55 | - |

1. Saamgestel uit tabelle 67 tot 76.
2. Vergelyk tabel 13.

| VERANDERLIKES | Ouers | Persoon in 'n beroep | Maats | Broers of susters | Vakonderwyser | Voorligteronderwyser | Skoolhoof | Registeronderwyser |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E-kursusseuns: beoog universiteit of kollege | 8,33 | 50,00 | 16,67 | - | 16,67 | - | 8,33 | - |
| E-kursusseuns: beoog ander opleiding | 28,13 | 12,50 | 21,87 | 12,50 | 6,25 | 3,12 | 3,12 | - |
| E-kursusseuns: geen verdere studie of onseker | 21,05 | 14,47 | 23,68 | 11,84 | 10,53 | 9,21 | 3,95 | 3,95 |
| U-kursusdogters: beoog universiteit of kollege | 33,33 | 23,33 | 6,67 | 16,67 | 8,33 | 3,33 | 5,00 | 1,67 |
| U-kursusdogters: beoog ander opleiding | - | 50,00 | 50,00 | - | - | - | - | - |
| U-kursusdogters: geen verdere studie of onseker | 37,50 | - | 12,50 | 25,00 | 25,00 | - | - | - |
| E-kursusdogters: beoog universiteit of kollege | 14,29 | 30,36 | 25,00 | 8,93 | 10,71 | 3,57 | - | - |
| E-kursusdogters: beoog ander opleiding | 27,50 | 27,50 | 25,00 | 2,50 | 15,00 | 2,50 | - | - |
| E-kursusdogters: geen verdere studie of onseker | 34,38 | 9,37 | 25,00 | 21,88 | 9,37 | - | - | - |
| U-kursusseuns: vader het studeer | 35,00 | 25,00 | - | 20,00 | 5,00 | 5,00 | - | - |
| U-kursusseuns: vader het nie studeer nie | 26,72 | 23,28 | 9,48 | 11,21 | 16,38 | - | 3,45 | - |
| E-kursusseuns: vader het studeer | 16,67 | - | 16,67 | 16,67 | 8,33 | 8,33 | 16,67 | 16,67 |

| VERANDERLIKES | Ouers | Persoon in 'n beroep | Maats | Broers en susters | Vakonder-wyser | Voorlig-teronder-wyser | Skoolhoof | Register-onder-wyser |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E-kursusseuns: vader het nie studeer nie | 22,22 | 19,44 | 23,15 | 10,19 | 10,19 | 6,48 | 2,78 | 0,92 |
| U-kursusdogters: vader het studeer | 25,00 | 25,00 | 8,33 | 20,83 | 4,17 | 8,33 | 8,33 | - |
| U-kursusdogters: vader het nie studeer nie | 35,00 | 20,83 | 10,40 | 14,58 | 12,50 | - | 2,08 | 2,08 |
| E-kursusdogters: vader het studeer | 31,25 | 6,25 | 37,50 | 6,25 | 12,50 | 6,25 | - | - |
| E-kursusdogters: vader het nie studeer nie | 22,32 | 26,78 | 23,21 | 10,71 | 11,60 | 1,79 | - | - |
| U-kursusseuns: moeder het studeer | 33,33 | 16,67 | 4,17 | 29,17 | 16,67 | - | - | - |
| U-kursusseuns: moeder het nie studeer nie | 26,79 | 25,00 | 8,92 | 8,92 | 14,29 | 0,89 | 3,57 | - |
| E-kursusseuns: moeder het studeer | 4,16 | 12,50 | 33,33 | 8,33 | 20,83 | - | 8,33 | 12,50 |
| E-kursusseuns: moeder het nie studeer nie | 26,04 | 18,75 | 19.79 | 11,46 | 7,29 | 8,33 | 3,13 | - |
| U-kursusdogters: moeder het studeer | 40,00 | 10,00 | 15,00 | 20,00 | 5,00 | 5,00 | 5,00 | - |
| U-kursusdogters: moeder het nie studeer nie | 28,85 | 26,92 | 7,69 | 15,38 | 11,54 | 1,92 | 3,85 | 1,92 |
| E-kursusdogters: moeder het studeer | 25,00 | 16,66 | 16,66 | 8,33 | 33,33 | - | - | - |

| VERANDERLIKES | Ouers | Persoon in 'n beroep | Maats | Broers of susters | Vakonderwyser | Voorligteronderwyser | Skoolhoof | Registeronderwyser |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E-kursusdogters: moeder het nie studeer nie | 23,23 | 25,00 | 25,85 | 10,34 | 9,48 | 2,58 | - | - |
| U-kursusseuns: vader doen professionele werk | 38,39 | 25,00 | 6,94 | 9,72 | 13,98 | 1,39 | 1,39 | - |
| U-kursusseuns: vader doen klerklike werk | 17,86 | 10,71 | 17,86 | 25,00 | - | - | 3,57 | - |
| U-kursusseuns: vader ambagsman | 12,05 | 34,38 | - | 9,38 | 25,00 | - | 6,25 | - |
| E-kursusseuns: vader doen professionele werk | 22,22 | 13,88 | 22,22 | 8,33 | 11,11 | 5,56 | 2,78 | 2,78 |
| E-kursusseuns: vader doen klerklike werk | 25,00 | 25,00 | 40,00 | 5,00 | 5,00 | - | - | - |
| E-kursusseuns: vader ambagsman | 17,31 | 15,38 | 19,23 | 13,46 | 13,46 | 7,69 | 7,69 | 3,85 |
| U-kursusdogters: vader doen professionele werk | 36,11 | 22,22 | 5,56 | 16,67 | 5,56 | 2,78 | 8,33 | - |
| U-kursusdogters: vader doen klerklike werk | 16,67 | 16,67 | 16,67 | 8,33 | 33,33 | - | - | 8,33 |
| U-kursusdogters: vader ambagsman | 40,00 | 30,00 | 15,00 | 10,00 | 5,00 | - | - | - |
| E-kursusdogters: vader doen professionele werk | 36,11 | 13,89 | 13,89 | 8,33 | 16,67 | - | - | - |
| E-kursusdogters: vader doen klerklike werk | 33,33 | 33,33 | 8,33 | 16,67 | 8,33 | - | - | - |

| VERANDERLIKES | Ouers | Persoon in 'n beroep | Maats | Broers of susters | Vakonderwyser | Voorligteronderwyser | Skoolhoof | Registeronderwyser |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E-kursusdogters: vader ambagsman | 15,00 | 30,00 | 30,00 | 11,67 | 10,00 | 3,33 | - | - |
| U-kursusseuns: moeder doen professionele werk | 31,25 | 12,50 | - | 3,25 | 6,25 | - | 6,25 | - |
| U-kursusseuns: moeder doen klerklike werk | 35,00 | 22,50 | 12,50 | 10,00 | 10,00 | 2,50 | 7,50 | - |
| U-kursusseuns: moeder werk in dienshoedanigheid | 18,75 | 31,25 | 6,25 | - | - | - | - | - |
| U-kursusseuns: moeder huisvrou | 26,67 | 26,67 | 6,67 | 13,33 | 25,00 | - | - | - |
| E-kursusseuns: moeder doen professionele werk | 5,00 | 20,00 | 25,00 | - | 5,00 | - | 15,00 | 10,00 |
| E-kursusseuns: moeder doen klerklike werk | 55,00 | 5,00 | 15,00 | 10,00 | 10,00 | 5,00 | - | - |
| E-kursusseuns: moeder werk in dienshoedanigheid | 6,25 | 25,00 | 31,25 | 12,50 | 12,50 | 6,25 | - | 3,13 |
| E-kursusseuns: moeder huisvrou | 25,00 | 16,67 | 18,75 | 14,58 | 10,42 | 10,42 | 4,17 | - |
| U-kursusdogters: moeder doen professionele werk | 16,67 | 33,33 | 8,33 | 8,33 | 8,33 | - | 16,67 | - |
| U-kursusdogters: moeder doen klerklike werk | 41,67 | 25,00 | 8,33 | 11,11 | 11,11 | - | - | 2,78 |
| U-kursusdogters: moeder werk in dienshoedanigheid | 25,00 | - | 12,50 | 25,00 | 12,50 | 12,50 | 12,50 | - |
| U-kursusdogters: moeder huisvrou | 25,00 | 18,75 | 12,50 | 31,25 | 6,25 | 6,25 | - | - |

| VERANDERLIKES | Ouers | Persoon in 'n beroep | Maats | Broers en susters | Vakonderwyser | Voorligteronderwyser | Skoolhoof | Registeronderwyser |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E-kursusdogters: moeder doen professionele werk | 25,00 | 20,00 | 25,00 | 10,00 | 15,00 | 5,00 | - | - |
| E-kursusdogters: moeder doen klerklike werk | 25,00 | 35,00 | 20,00 | 15,00 | 5,00 | -, | - | - |
| E-kursusdogters: moeder werk in dienshoedanigheid | 20,00 | 25,00 | 25,00 | 5,00 | 25,00 | - | - | - |
| E-kursusdogters: moeder huisvrou | 21,88 | 23,44 | 28,13 | 10,94 | 6,25 | 3,13 | - | - |

### 5.2.1 DIE OUERS AS INVLOEDSPERSONE

Die totale invloed deur ouers op vakkeuse uitgeoefen, (26,656%) is vir die verskillende leerlingkategorieë: U-kursus 28,85%, dogters 27,50%, seuns 24,22% en E-kursus 22,98%.[1] Volgens tabel 77 was die ouerinvloed op U-kursusseuns en -dogters heelwat groter as op die E-kursusseuns en -dogters. Wat die 15- en 16-jarige seuns en dogters betref was die ouerinvloed in albei gevalle groter by die U-kursus as by die E-kursus. Dit blyk verder dat die 16-jarige U- en E-kursusseuns meer deur hulle ouers beïnvloed was, as die 15-jariges, terwyl in die geval van die dogters die omgekeerde waar is. Die ouerinvloed was groter waar die U-kursusseuns en -dogters verder wil gaan studeer, as in die gevalle waar respondente ander opleiding wil ondergaan. Omdat die moontlikheid vir E-kursusrespondente gering is om aan 'n universiteit te gaan studeer, word die ouerinvloed hier buite rekening gelaat.[2]

Waar die vader verder studeer het, was die ouerinvloed groter by die U-kursusseuns en E-kursusdogters as in gevalle waar die vader nie verder studeer het nie. Wat verdere studie van die moeder betref, was die ouerinvloed groter by U-kursusseuns, U-kursusdogters en E-kursusdogters, as waar die moeder nie verder studeer het nie.

Waar die vader professionele werk doen was die ouerinvloed die grootste by U-kursusseuns en E-kursusdogters, terwyl waar die moeder klerklike werk doen die ouerinvloed die grootste was by U-kursusseuns, U-kursusdogters en E-kursusseuns, terwyl by die E-kursusdogters die invloed dieselfde was as waar die moeder professionele werk doen.

---

1. Kyk paragraaf 4.3.1.1.
2. Om 'n graadkursus aan 'n universiteit te volg is dit nodig om 'n universiteitstoelatingskursus te slaag.

5.2.1.1 GEVOLGTREKKING

Uit tabelle 13 en 77 en die samevatting van die ouerinvloed in paragrawe 4.3.1.1 en 5.2.1 blyk dit baie duidelik dat die ouers die belangrikste invloedspersone was, wat betref die vakkeuse van hulle kinders aan die einde van standerd agt en wel met 'n invloedspersentasie van 25,656. By verdere ontleding word gevind dat die ouers van die U-kursusleerlinge 'n groter rol gespeel het by die vakkeuse van hulle kinders as die ouers van die E-kursusleerlinge. Tabel 77 toon dat uit die 68 gevalle waar die U- en E-kursusrespondente met mekaar vergelyk word, daar slegs agt gevalle was waar die E-kursusrespondente 'n groter ouerinvloed ondervind het, as die ooreenstemmende U-kursusleerlinge.

5.2.1.2 AANBEVELING

Daar word, op grond van die groot invloed van ouers op vakkeuse, aanbeveel dat:

1. 'n Inligtingsstuk van owerheidsweë opgestel en periodiek hersien word, wat objektiewe inligting verstrek oor die inhoud en waardes van verskillende keusevakke en oor die implikasies van bepaalde keuses. Hierdie publikasie moet gratis aan ouers beskikbaar gestel word. Dit moet tydens ouerbesoeke aan die skool en veral tydens oueronderwysersvergaderings bespreek word.

2. Spesiale pogings aangewend moet word om te sorg dat elke leerling wat 'n vakkeuse moet doen, saam met sy ouers, die skoolhoof en/of voorligteronderwyser raadpleeg of dat ouers minstens oueronderwysersvereniging-vergaderings, waarop vakkeuse bespreek word, bywoon. Op die manier kan die skool - ouer - kindverhouding op 'n stewiger grondslag geplaas word en die leerlinge

voorberei word om 'n vakkeuse te maak wat by hulle vermoëns pas.

3. Die onderwysdepartement van tyd tot tyd berigte in die pers plaas, en besprekings oor die radio voer oor vakkeuse. Hooggeplaasde onderwyspersoonlikhede soos die Administrateurs, Direkteurs van Onderwys en Onderwysbeplanners moet hieraan deelneem. Met die koms van televisie kan hierdie aangeleentheid prominent figureer. Langs bogenoemde weë kan ook daardie ouers bereik word wat traag is om die skool te besoek en skoolfunksies by te woon.

## 5.2.2 BROERS EN SUSTERS SE INVLOED OP VAKKEUSE

Onder die persone, wat nie aan die skool verbonde is nie, het broers of susters[1] die geringste invloed op vakkeuse uitgeoefen; hulle invloed was nogtans groter as dié van die vakonderwyser, wat die grootste invloed uitgeoefen het onder die persone wat aan die skool verbonde is.[2] Samevattend was die invloed van broers of susters op die verskillende kategorieë respondente as volg: 13,94% by U-kursusleerlinge, 12,50% by dogters, 11,33% by seuns en 10,48% by E-kursusleerlinge.[3]

## 5.2.3 DIE INVLOED VAN PERSONE IN 'N BEROEP OP VAKKEUSE

Volgens tabel 77 het persone in 'n beroep waar die vak van belang is die tweede meeste invloed op vakkeuse uitgeoefen, te wete 21,929%. Hierdie persone se invloed op die hoofkategorieë respondente was soos volg: dogters (25,30%), U-kursus (23,56%), seuns (21,48%) en E-kursus (20,57%).[4] Voorts was die invloed van persone in 'n beroep, volgens tabel 77, groter op die U-kursusseuns as op die E-kursusseuns, maar groter op die E-kursusdogters as op die

1. In 'n steekproef wat op 80% van die respondente uitgevoer is, is gevind dat, sonder uitsondering, die broers en susters wat invloed uitgeoefen het almal reeds die skool verlaat het en werk of nog besig is met verdere studie.
2. Kyk tabel 13.
3. Kyk paragraaf 4.3.1.4.
4. Kyk paragraaf 4.3.1.2.

U-kursusdogters. Die invloed van persone in 'n beroep was by 16-jarige U-kursusseuns en dogters groter as by die 16-jarige E-kursusseuns en dogters, terwyl die 15-jarige E-kursusseuns en dogters 'n groter invloed van persone in 'n beroep ondervind het as 15-jariges van die U-kursus.

Waar die U-kursusseuns verder wil gaan studeer, was die invloed deur beroepspersone dieselfde as vir die wat ander opleiding wil ondergaan, terwyl by die U-kursusdogters die invloed kleiner was as by dié wat ander opleiding wil ondergaan. In die geval van E-kursusleerlinge wat verder wil studeer, was die invloed deur 'n persoon in 'n beroep groter by sowel seuns as dogters by respondente wat nie verder wil studeer nie.

By respondente van wie die vader verder studeer het, was die invloed van beroepspersone groter onder die U-kursusseuns en -dogters as by diegene wie se vader nie studeer het nie. By die E-kursusseuns en -dogters was dié persone se invloed groter op diegene wie se vader nie studeer het nie. Wat verdere studie van die moeder betref, was die invloed van dié persone by U-kursusseuns, U-kursusdogters, E-kursusseuns en E-kursusdogters groter as by respondente wie se moeder nie verder studeer het nie.

By U- en E-kursusseuns en -dogters wie se vader professionele werk doen, was die invloed van beroepspersone veel geringer. Slegs by die U-kursusdogters wie se moeder professionele werk doen, het dié persone die grootste invloed op vakkeuse uitgeoefen.

By die keuse van Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Rekeningkunde, Biologie, Tik en Handel het beroepspersone die belangrikste invloed uitgeoefen.[1]

---

1. Kyk ook paragraaf 4.3.1.2.

### 5.2.3.1 GEVOLGTREKKING

Respondente van sowel die U- as E-kursus is reeds vroeg in hulle skoolloopbaan bewus van 'n beroep waarin hulle belangstel, soos blyk uit die feit dat 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is die tweede belangrikste[1] beïnvloedende persoon was.

### 5.2.3.2 AANBEVELING

(a) Dit is noodsaaklik dat bogemelde aspek dringende aandag moet geniet. By sekondêre skole moet reeds in die junior standerds voorsiening gemaak word vir opgeleide beroepsvoorligters wat deeglik op hoogte met die verskillende beroepe is. Van owerheidsweë moet hierdie persone van statistieke, wat 'n aanduiding gee van toekomstige mannekragbehoeftes in die verskillende beroepe, voorsien word. Die voorsiening van voldoende van bogenoemde personeel is tans (1973) des te noodsaakliker, aangesien leerlinge volgens die jongste differensiasiestelsel aan die einde van standerd 7 'n vakkeuse moet doen.[2] Die implikasie van so 'n stap is dat voldoende voorligteronderwysers opgelei moet word, dat elke skool voorsiening op die skoolrooster moet maak vir werklike voorligtingsperiodes vir standerd 6- en 7-leerlinge en dat skoolhoofde moet toesien dat sodanige periodes werklik vir beroepsvoorligting gebruik word.

(b) Aangesien praktiserende beroepslui klaarblyklik besondere invloed op vak- en waarskynlik op beroepskeuse het, is dit gerade dat sodanige persone, onder leiding en toesig van die voorligteronderwyser direk of indirek by kursusvoorligting betrek word - hetsy deur die verstrek van biografiese besonderhede, hetsy

---

1. Kyk tabel 13.
2. 'n Dogter in standerd sewe het aan die bepaalde skool by die kantoor kom verskoning maak dat haar vakkeusevorm nog nie van die ouers af terug is nie, want sy weet nog nie wat Ekonomie en Bedryfsekonomie is nie.

deur deelname aan voorligtingsgebeure.

### 5.2.4 DIE INVLOED VAN MAATS OP VAKKEUSE

Die invloed van maats (16,885%) op die doen van 'n vakkeuse is geringer as in voorgaande gevalle, maar nogtans is hulle die derde belangrikste invloedspersone. Die invloed van maats op die hoofkategorieë respondente is as volg: E-kursus 24,19%, dogters 20,00%, seuns 14,45% en U-kursus 8,17%.[1] Volgens tabel 77 was die invloed van maats baie groter by die E- as die U-kursusseuns en dogters. By die 15- en 16- jarige seuns en dogters was die invloed van maats op vakkeuse by albei geslagte baie groter in die E- as in die U-kursus. Voorts was die 15-jarige E-kursusseuns meer deur maats beïnvloed as die 16-jarige E-kursusseuns, terwyl die 15- en 16-jarige E-kursusdogters eweveel deur maats beïnvloed was, wat vakkeuse betref. In die geval van die U-kursus was die invloed van maats groter by 16-jarige seuns en dogters as by die 15-jariges.

By die E-kursusseuns en -dogters wat verdere studie beoog was die invloed van maats op vakkeuse groter as by die U-kursus. By U-kursusdogters wat ander opleiding beoog was maats se invloed daarenteen groter as by E-kursusdogters. By die U-kursusseuns en -dogters wie se vader en moeder verder studeer het, was die invloed van maats kleiner as by diegene wie se ouers nie verder studeer het nie, behalwe in die geval van die U-kursusdogters wie se moeder verder studeer het. By die E-kursusseuns waar die vader verder studeer het en die E-kursusdogters waar die moeder verder studeer het, was die invloed van maats ook geringer as waar die ouers nie verder studeer het nie.

By respondente wie se ouers professionele werk doen was die invloed van maats t.a.v. die U-kursusseuns en dogters redelik laag. Globaal beskou was die invloed van maats baie laer by respondente van die U-kursus as van die E-kursus.

1. Kyk paragraaf 4.3.1.3.

5.2.4.1 GEVOLGTREKKING

Dit val op dat die invloed van maats by die E-kursusrespondente groter is as by die respondente van die U-kursus, maar dat die invloed van maats laer was by respondente wie se ouers verder studeer het. Dit is in laasgenoemde geval moontlik dat groter belangstelling van die ouers in die vakkeuse van hulle kinders hiertoe bygedra het.[1]

5.2.4.2 AANBEVELING

Dit is dringend noodsaaklik dat daar aan vakoriëntering dringende aandag gegee moet word ten einde moontlike nadelige beïnvloeding deur maters te neutraliseer. Daar moet dus 'n opgeleide voorligteronderwyser aangestel word wat ten nouste met kliniese voorligtingspersoneel moet saamwerk,[2] ten einde wetenskaplik gefundeerde vak-, kursus- en beroepsoriëntering te gee.

5.2.5 INVLOED UITGEOEFEN DEUR DIE SKOOL

5.2.5.1 DIE VAKONDERWYSER

Van die persone wat aan die skool verbonde is, oefen die vakonderwyser (11,84%) die grootste invloed uit.[3] Ander persone aan die skool verbonde, naamlik die voorligteronderwyser, die skoolhoof en die registeronderwyser se invloed was van so 'n geringe aard dat dit kwalik met dié van die klasonderwyser vergelyk kan word. Die invloed van die vakonderwyser op die hoofkategorieë respondente was as volg: 13,46% by U-kursusleerlinge, 12,89% by seuns, 10,50% by dogters en 10,48% by E-kursusleerlinge.[4] Volgens tabel 77 was die invloed van die vakonderwyser groter by

1. Kyk ook paragraaf 5.2.1.1.
2. Vergelyk ook paragraaf 2.2.4.
3. In 'n steekproef wat op 80% van die respondente uitgevoer is, is gevind dat al die respondente indirek deur die vakonderwyser beïnvloed was; kyk ook tabel 13.
4. Vergelyk paragraaf 4.3.1.5.

die U-kursusseuns as by die E-kursusseuns, terwyl dit by E-kursusdogters effens groter was as by die U-kursus.

By die 15- en 16- jarige seuns was die invloed van die vakonderwyser baie groter onder 15-jarige U-kursusseuns as by die 15-jarige E-kursusseuns, terwyl die invloed by 16-jarige U- en E-kursusseuns feitlik eenders was. By die 15-jarige U- en E-kursusdogters was die invloed van die vakonderwyser bykans dieselfde, terwyl die 16-jarige E-kursusdogters 'n baie groter invloed van die vakonderwyser ondervind het as die U-kursusdogters van 16 jaar.

By die U-kursusseuns wat verdere studie beoog, was die invloed van die vakonderwyser groter as dié wat onseker was of wat glad nie verdere studie beoog nie, terwyl U-kursusdogters wat verdere studie beoog 'n groter invloed van die vakonderwyser ondervind het as die wat ander opleiding beoog.

Dit blyk verder dat waar die vader verder studeer het die invloed van die vakonderwyser by die U- en E-kursusrespondente oor die algemeen laer was as waar die vader nie verder sutdeer het nie. In gevalle waar die moeder verder studeer het, was die vakonderwyserinvloed slegs by die U-kursusdogters baie geringer.

Die invloed van die vakonderwyser was die grootste by die U- en E-kursusseuns wie se vaders ambagsmanne is, terwyl onder respondente wie se vaders klerklike werk doen, die vakonderwysers op U-kursusdogters die grootste invloed uitgeoefen het. By E-kursusdogters wie se vaders professionele werk doen, het die vakonderwysers die grootste invloed uitgeoefen. By die U- en E-kursusrespondente, seuns sowel as dogters, het die vakonderwysers die grootste invloed uitgeoefen by respondente wie se moeders ongespesifiseerde en waarskynlik ongeskoolde diens lewer. By die

U-kursusseuns wie se moeders huisvroue is, het die vakonderwysers die grootste invloed uitgeoefen.

### 5.2.5.2 GEVOLGTREKKING

Dat die vakonderwyser ook t.a.v. voorligting 'n groot taak het, spreek uit die voorgaande bevindings. Navrae by respondente dui daarop dat vakonderwysers dikwels indirekte invloed uitoefen. Die U- en E-kursusrespondente, seus sowel as dogters, word by die skool hoofsaaklik deur die vakonderwyser beïnvloed.[1]

### 5.2.5.3 AANBEVELING

By die opleiding van sekondêre onderwysers moet dit by studente ingeskerp word dat hulle leerlinge direk en indirek kan beïnvloed t.a.v. vakkeuse. Daarom moet voorligting - insluitende beroepsvoorligting - deel van die opleidingskursus vir alle onderwysers uitmaak. Sodoende sal moontlik voorkom word dat vakonderwysers wetenskaplik swak gefundeerde leiding betreffende vakkeuses gee en sal vakonderwysers tot die besef kom dat voorligting baie versigtig benader moet word en dat problematiese gevalle onverwyld na gespesialiseerde voorligters verwys moet word.

### 5.2.6 DIE VOORLIGTERONDERWYSER, DIE SKOOLHOOF EN DIE REGISTERONDERWYSER AS INVLOEDSPERSONE

Tabel 13 toon dat genoemde drie persone die geringste invloed op vakkeuse uitgeoefen het. Hulle beïnvloedingspersentasies was 3,070%, 2,631% en 0,887% respektiewelik. Volgens tabel 77 blyk dit verder dat hulle in baie gevalle geen invloed uitgeoefen het nie, dat die voorligteronderwyser oor die algemeen 'n groter invloed

1. Kyk paragraaf 4.3.1.5 en 4.7 tot 4.8.10; vergelyk ook paragraaf 5.5 tot 5.6.7.

op die E-kursus- as op die U-kursusrespondente uitgeoefen het en die skoolhoof oor die algemeen 'n groter invloed op die U-kursus- as op die E-kursusleerlinge uitgeoefen het.

#### 5.2.6.1 AANBEVELING

Omdat die voorligteronderwyser eintlik die persoon is wat verantwoordelik moet wees om leerlinge in te lig aangaande die inhoud en waarde van vakke, vakkeuses en moontlike beroepe, moet hy 'n spesiaal opgeleide persoon wees en nie 'n vakonderwyser wat as bykomende verpligting voorligting gee nie.[1] Dit is ook essensieel dat voldoende lesperiodes vir voorligting opsy gesit, en inderdaad daarvoor gebruik moet word. Die skoolhoof as persoon met aansien kan baie daartoe bydra dat leerlinge en ouers ingelig word aangaande vakkeuses. Daar moet dus byeenkomste gereël word waar hy in oorleg met die voorligteronderwyser leerlinge en ouers kan toespreek en te woord staan in verband met hierdie onderwerp.

## 5.3 EIENSKAPPE VAN VAKKE WAT 'N POSITIEWE INVLOED OP VAKKEUSE UITOEFEN

### 5.3.1 EIENSKAPPE VAN VAKKE MET DIE GROOTSTE POSITIEWE INVLOED OP VAKKEUSE

#### 5.3.1.1 DIE BEROEPSWAARDE VAN VAKKE

Volgens respondente was beroepswaarde die belangrikste positief beïnvloedende eienskap van vakke en wel met 'n beïnvloedingspersentasie van 22,37%[2]. Nadere ontleding toon dat 25,48% U-kursusleerlinge, 24,00% dogters, 21,00% seuns en 19,76% E-kursusleerlinge deur die beroepswaarde van vakke beïnvloed was om sekere vakke te kies.[3]

---

1. Vergelyk ook paragraaf 5.2.3.2.
2. Kyk ook tabel 26.
3. Vergelyk paragraaf 4.4.1.1.

By die keuse van Wiskunde, Rekeningkunde, Natuur- en Skeikunde, Tik, Duits en Latyn was die beroepswaarde van die vakke die belangrikste beïnvloedende faktor vir die keuse daarvan. By Handel, Biologie, Huishoudkunde, Bedryfskennis en Aardrykskunde was die invloed geringer, terwyl by Geskiedenis, volgens die respondente, beroepswaarde geen invloed uitgeoefen het nie.[1]

5.3.1.2 GEVOLGTREKKING

Vir die U-kursusleerlinge en dogters was die beroepswaarde van vakke belangriker as vir die E-kursusrespondente en seuns. Dit is egter baie duidelik dat leerlinge vakke kies wat vir 'n toekomstige beroep nodig is.[2] Die beroepswaarde van alle vakke is nie ewe groot nie, maar speel nogtans 'n belangrike rol by die doen van vakkeuses. Hierdie verskynsel korreleer klaarblyklik daarmee dat 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is die tweede belangrikste globale invloed op vakkeuse uitgeoefen het.[3]

5.3.1.3 AANBEVELING

Uit bogenoemde is dit dus baie duidelik dat die beroepswaarde van vakke aan leerlinge in die junior sekondêre klasse verduidelik moet word. Dit moet liefs gedoen word deur 'n voorligteronderwyser.[4]

5.3.2 DIE INTERESSANTHEID VAN VAKKE

Interessantheid was die faktor wat die tweede belangrikste invloed (18,42%) op vakkeuse uitgeoefen het.[5] By verdere ontleding blyk dit dat 20,97% E-kursusleerlinge,

---

1. Ibid; vergelyk ook tabelle 14 tot 25.
2. Ibid; vergelyk ook tabel 26.
3. Kyk tabel 13.
4. Kyk paragraaf 5.2.3.2.
5. Kyk tabel 26.

19,00% dogters, 17,99% seuns en 15,39% U-kursusleerlinge vakke gekies het omdat dit interessant is.[1] Die vakke wat vir leerlinge die interessantste was, was Aardrykskunde, Bedryfskennis, Biologie, Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis en Latyn, terwyl Handel minder interessant was. Voorts het Duits, Latyn, Rekeningkunde en Tik vir respondente geen interessantheid ingehou nie.[2] Dit is moeilik om af te lei of die vak self interessant was en of dit die onderwyser was wat die vak interessant aangebied het. Wat ookal die geval mag wees, interessantheid inspireer leerlinge om sekere vakke te kies, veral die E-kursusleerlinge en dogters, terwyl die U-kursusleerlinge minder daardeur beïndruk was.

#### 5.3.2.1 GEVOLGTREKKING

Vir die E-kursusleerlinge was die interessantheid van vakke 'n heelwat belangriker beïnvloedende faktor as vir die U-kursusleerlinge, terwyl daar nie 'n noemenswaardige verskil tussen seuns en dogters was nie.

#### 5.3.2.2 AANBEVELING

Onderwysers moet goed geskool word in en steeds uitvoering gee aan sowel intrinsieke as ekstrinsieke motivering.[3]

### 5.3.3 EIENSKAPPE VAN VAKKE MET DIE GERINGSTE POSITIEWE INVLOED OP VAKKEUSE

Die waarde van die vak in die arbeidsmark, die mate waartoe die vak hom leen tot goeie prestasie, die waarde van die vak by die bestudering van ander vakke en die maklikheid van die vak het die geringste invloed op die doen van 'n vakkeuse uitgeoefen.[4]

1. Kyk paragraaf 4.4.1.2.
2. Ibid; vergelyk ook tabelle 14 tot 25.
3. Vergelyk ook paragraaf 5.5.2 en 5.6.3.
4. Kyk tabel 39.

Dit is egter opvallend dat meer E-kursusleerlinge (5,64%) 'n maklike vak gekies het as die U-kursusleerlinge (2,40%).[1] Voorts het meer E-kursusleerlinge (3,63%) as U-kursusleerlinge (1,92%)[2] 'n vak gekies omdat dit hulle kan help om werk te kry na standerd 10.

5.4 EIENSKAPPE VAN VAKKE WAT 'N NEGATIEWE INVLOED OP VAKKEUSE UITOEFEN

5.4.1 EIENSKAPPE VAN VAKKE MET DIE GROOTSTE NEGATIEWE INVLOED

5.4.1.1 DIE VAK IS ONNODIG VIR IMPLEMENTERING VAN TOEKOMSPLANNE

Volgens 15,59% respondente[3] was die onnodigheid van vakke vir die uitvoering van toekomsplanne die belangrikste rede waarom hulle sekere vakke nie gekies het nie. Dit blyk verder dat hierdie eienskap 18,36% seuns, 20,00% dogters, 25,00% U-kursusleerlinge en 14,92% E-kursusleerlinge laat wegskram het van sekere vakke.[4] Duits, Latyn, Aardrykskunde, Geskiedenis en Rekeningkunde is deur heelwat respondente genoem as vakke wat onnodig vir implementering van hulle toekomsplanne is.[5] Hierdie bevinding korrelleer met die belang wat aan die beroepswaarde van vakke geheg word.[6]

5.4.1.2 GEVOLGTREKKING

Vir U-kursusleerlinge het die feit dat vakke onnodig vir die uitvoering van toekomsplanne is, klaarblyklik swaarder geweeg as vir E-kursusleerlinge, terwyl daar geen noemenswaardige verskil tussen seuns en dogters was nie. Hieruit kan afgelei word dat U-kursusleerlinge moontlik sekerder van hulle toekomsplanne is as die E-kursus-

---

1. Kyk paragraaf 4.6.1.
2. Ibid; vergelyk ook tabelle 27 tot 38.
3. Kyk tabel 39.
4. Kyk paragraaf 4.6.1.
5. Ibid; vergelyk ook tabelle 27 tot 38.
6. Kyk paragraaf 5.3.1.1.

leerlinge en reeds weet watter vakke vir hulle die nodigste is.

5.4.1.3 AANBEVELING

Uit bogenoemde blyk die noodsaaklikheid van vakoriënteriug in die junior sekondêre afdeling weereens, en veral vir E-kursusleerlinge.[1]

5.4.2 RESPONDENTE HOU NIE VAN DIE VAK NIE

Uit tabel 39 blyk dit dat die belangrikste rede waarom 15,41% leerlinge sekere vakke nie gekies het nie, was dat hulle nie van die vak hou nie. Nadere ondersoek toon dat 25,00% dogters, 22,12% U-kursusleerlinge, 14,06% seuns en 16,16% E-kursusrespondente sekere vakke om hierdie rede nie gekies het nie.[2] Onder hierdie vakke resorteer Geskiedenis, Duits, Aardrykskunde, Handel, Huishoudkunde, Tik, Natuur- en Skeikunde en Bedryfskennis.[3] Dit is opvallend dat daar t.a.v. elk van die twaalf keusevakke leerlinge is wat nie van 'n besondere vak hou nie.[4]

5.4.2.1 GEVOLGTREKKING

Dit is moeilik om vas te stel waarom leerlinge nie van vakke hou nie. Moontlik lewer die onderwyser 'n belangrike bydrae daartoe. Dit val op dat 'n baie groter persentasie U-kursusleerlinge as E-kursusleerlinge en dogters as seuns onlus teenoor vakke koester.

5.4.3 EIENSKAPPE VAN VAKKE MET DIE GERINGSTE NEGATIEWE INVLOED OP VAKKEUSE

Die feit dat 'n vak geen of geringe waarde in die

---

1. Kyk paragraaf 5.2.3.2.
2. Kyk paragraaf 4.6.2.
3. Ibid.
4. Vergelyk tabelle 27 tot 38.

arbeidsmark het, dat die vak nie van waarde by die bestudering van ander vakke is nie en dat memorisering van die vak moeilik is as begrip ontbreek, het die geringste negatiewe invloed op vakkeuse uitgeoefen.[1] Laasgenoemde faktor het slegs by Natuur- en Skeikunde[2] en eersgenoemde slegs by Geskiedenis[3] 'n noemenswaardige invloed uitgeoefen. Dit val ook hier op dat die bevindinge hier klop met die in paragraaf 5.3.3. Dié bevindinge kan derhalwe as betroubaar beskou word.

## 5.5 EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER/ES WAT VAKKEUSE POSITIEF BEÏNVLOED HET

### 5.5.1 VAKKUNDIGHEID

Volgens 22,59%[4] respondente was hierdie eienskap van die vakonderwyser/es die belangrikste rede waarom hulle sekere vakke gekies het. Voorts blyk dit dat 28,52% seuns, 15,00% dogters, 24,38% U-kursusleerlinge en 21,37% E-kursusleerlinge[5] deur die vakkundigheid van die onderwyser/es beïnvloed was.

By die keuse van Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Biologie, Handel, Geskiedenis, Latyn en Tik[6] het hierdie faktor sterk gefigureer.

#### 5.5.1.1 GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat seuns meer beïndruk was deur grondige vakkennis van die onderwyser/es as dogters, terwyl daar tussen die U- en E-kursusleerlinge nie so 'n groot verskil was nie.

1. Kyk tabel 39.
2. Kyk tabel 37.
3. Kyk tabel 36.
4. Ibid.
5. Kyk paragraaf 4.8.1.
6. Ibid; vergelyk ook tabelle 40 tot 51.

5.5.1.2 AANBEVELING

Dit is nodig dat elke vakonderwyser/es 'n grondige kennis van sy/haar vak moet besit. Dit kan verkry word deur altyd op hoogte te bly met die jongste verwikkelinge op eie vakgebied en deur bywoning van oriënteringskursusse wat gereeld deur die Departement van Onderwys aangebied word.

5.5.2 VERMOË OM DIE VAK INTERESSANT AAN TE BIED

Alhoewel hierdie eienskap van die vakonderwyser/es nie besonder groot invloed uitgeoefen het nie (17,54%)[1] was dit nogtans die tweede belangrikste beïnvloedende faktor by 18,36% seuns, 16,50% dogters, 17,31% U-kursusleerlinge en 17,74% E-kursusleerlinge.[2]

Veral by die keuse van Duits, Latyn, Aardrykskunde, Biologie, Geskiedenis en Bedryfskennis het hierdie faktor sterk gefigureer.[3] Volgens die respondente het die Wiskunde- en Rekeningkunde onderwyser/es t.a.v. hierdie eienskap totaal tekort geskiet.[4]

5.5.2.1 GEVOLGTREKKING

Seuns en U- en E-kursusleerlinge was bykans eweveel en dogters ietwat minder beïnvloed deur die interessante aanbieding van die vak deur die vakonderwyser.

5.5.2.2 AANBEVELING

Enige vak leen hom tot interessante aanbieding. Dit is dus 'n aspek van onderwysersopleiding wat aandag moet geniet.

---

1. Kyk tabel 52.
2. Vergelyk paragraaf 4.9.4.
3. Vergelyk paragraaf 4,8.2.
4. Kyk tabelle 44 en 48.

## 5.5.3 VERMOë OM 'N AANGENAME WERKSATMOSFEER TE SKEP

Volgens 14,91% respondente[1] was hierdie eienskap van die vakonderwyser die belangrikste beïnvloedende faktor vir die keuse van sekere vakke. By verdere ontleding blyk dit dat 19,50% dogters, 11,33% seuns, 12,98% U-kursusleerlinge en 16,53% E-kursusleerlinge[2] vakke gekies het omdat daar 'n aangename werksatmosfeer geheers het. Onder hierdie vakke ressorteer Bedryfskennis, Rekeningkunde, Aardrykskunde, Handel en Huishoudkunde. Volgens sommige van die respondente het dit, wat hierdie aspek aanbetref, by Latyn, Wiskunde en Natuur- en Skeikunde tekort geskiet.[3]

### 5.5.3.1 GEVOLGTREKKING

Dogters was meer beïnvloed deur die aangename werksatmosfeer as seuns en E-kursusleerlinge meer as U-kursusleerlinge.

### 5.5.3.2 AANBEVELING

Onderwysers moet goed onderlê wees daarin om 'n aangename werksatmosfeer in die klaskamer te skep - en dit verg kontak met, maar ook en veral die tot stand bring van 'n gevoel van geborgenheid by leerlinge.

## 5.5.4 DIE VERMOë OM VAKKENNIS OOR TE DRA

Ook hierdie eienskap van die vakonderwyser het 'n redelike invloed (11,62%)[4] op vakkeuse uitgeoefen. By nadere beskouing blyk dit dat 15,87% U-kursusleerlinge, 8,07% E-kursusleerlinge, 11,72% seuns en 11,50% dogters hierdeur beïnvloed was om sekere vakke te kies.[5]

---

1. Kyk tabel 52.
2. Vergelyk paragraaf 4,8.3.
3. Vergelyk tabelle 40 tot 51.
4. Kyk tabel 52.
5. Kyk paragraaf 4.8.4.

Vakke waar hierdie eienskap van die vakonderwyser gefigureer het, was Latyn, Duits, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Biologie, Geskiedenis en Tik.[1]

### 5.5.4.1 GEVOLGTREKKING

Die U-kursusleerlinge was baie meer deur hierdie eienskap beïnvloed as die E-kursusleerlinge, terwyl die invloed daarvan by seuns en dogters bykans identies was.

### 5.5.4.2 AANBEVELING

(a) Deeglike vakkennis, gereelde voorbereiding van lesse en evaluering van leerlinge moet sterk bevorder word ten einde positiewe ingesteldheid van leerlinge jeens besondere vakke te verkry en te verbeter.

(b) Verwerf van funksionele kennis van vakdidaktiek en voldoende oefening in proefonderwys moet tydens onderwysersopleiding voldoende aandag geniet.

### 5.5.5 EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER/ES MET GERINGE POSITIEWE INVLOED

Verdere eienskappe van die vakonderwyser/es, naamlik innemendheid, streng maar regverdige tuguitoefening, toeganklikheid, onopsigtelike tughandhawing, vermoë om goeie matriekuitslae te behaal en die handhawing van Christelike beginsels, het in dalende orde geringer invloed uitgeoefen.[2]

By verdere ontleding blyk dit dat dogters klaarblyklik gevoeliger vir positiewe persoonlikheidskakerings van onderwysers/esse as seuns is,[3] terwyl daar, wat hierdie aspek betref, geen noemenswaardige verskil tussen U- en E-kursusrespondente is nie. Dit val op dat die vermoë van

---

1. Ibid; vergelyk ook tabelle 40 tot 51.
2. Kyk tabel 52.
3. Kyk paragraaf 4.8.5.

die onderwyser/es om streng, maar regverdig tug uit te oefen 'n groter positiewe invloed op dogters en E-kursusleerlinge uitgeoefen het as op seuns en U-kursusleerlinge.

## 5.6 EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER/ES WAT VAKKEUSE NEGATIEF BEÏNVLOED HET

### 5.6.1 PERSOONLIKE ONAANVAARBAARHEID VAN DIE VAKONDERWYSER/ES

Verreweg die belangrikste negatief beïnvloedende eienskap van die vakonderwysers/esse is persoonlike onaanvaarbaarheid wat deur 28,49%[1] respondente genoem word as rede waarom sekere vakke nie gekies is nie. Verdere ontleding toon dat 38,00% dogters, 32,42% seuns, 37,98% U-kursusleerlinge en 32,26% E-kursusleerlinge nie van die vakonderwyser/es hou nie en daarom nie die vak gekies het nie.[2] Dit word dan ook deur sekere respondente genoem as rede waarom die volgende vakke nie gekies is nie: Duits, Latyn, Wiskunde, Geskiedenis, Natuur- en Skeikunde, Huishoudkunde, Aardrykskunde, Rekeningkunde, Handel en Tik. Die enigste vak wat nie genoem word nie is Biologie.[3]

#### 5.6.1.1 GEVOLGTREKKING

Onaanvaarbaarheid van die onderwyser/es het 'n sterker negatiewe invloed op die vakkeuse van dogters en U-kursusleerlinge uitgeoefen as op dié van seuns en E-kursusleerlinge.

#### 5.6.1.2 AANBEVELING

Dit is nie uit hierdie ondersoek moontlik om uit te vind waarom respondente nie van onderwysers hou nie. 'n Diepgaande ondersoek hierna moet onderneem word en by

---

1. Kyk tabel 65.
2. Kyk paragraaf 4.9.2.
3. Ibid.

die keuring van voornemende onderwysers moet die positiewe persoonlikheidstrekke sterk figureer. Onderwysers moet ook voortdurend bedug wees op die skep en behoud van 'n aanvaarbare persoonlikheidsbeeld.

### 5.6.2 ONVERMOË OM 'N AANGENAME WERKSATMOSFEER TE SKEP

Volgens 16,49% respondente[1] was onvermoë om 'n aangename werksatmosfeer te skep die belangrikste negatief-beïnvloedende eienskap van die vakonderwyser/es wat vakkeuse betref. By verdere beskouing hiervan word gevind dat 22,50% dogters, 16,41% seuns, 20,19% U-kursusleerlinge en 20,16% E-kursusleerlinge sekere vakke om dié rede nie gekies het nie.[2] In die onderhawige universum het dit veral Duits, Aardrykskunde, Bedryfskennis en Biologie sterk geraak.[3]

#### 5.6.2.1 GEVOLGTREKKING

Dogters was heelwat meer deur hierdie negatiewe eienskap van die vakonderwyser/es beïnvloed as seuns, terwyl daar by die U- en E-kursus feitlik geen verskil was nie.

#### 5.6.2.2 AANBEVELING

Dit is essensieel om onderwysers in hulle opleiding te onderrig in die skep en behoud van 'n aangename werksatmosfeer, gekenmerk deur gemotiveerdheid, onderlinge kontak, rapport, aktiwiteit, vertroue en geborgenheid.

### 5.6.3 ONVERMOË OM DIE VAK INTERESSANT AAN TE BIED

Alhoewel hierdie negatiewe eienskap van die vak-onderwyser/es nie so 'n groot invloed uitgeoefen het nie

---

1. Kyk tabel 65.
2. Kyk paragraaf 4.9.3.
3. Ibid.

(14,16%), was dit nogtans die derde belangrikste faktor[1] en het dit 19,14% seuns, 15,00% dogters, 25,48% U-kursusleerlinge en 10,48% E-kursusleerlinge van sekere vakke laat wegskram.[2] Dit word dan ook deur sommige leerlinge as belangrikste rede genoem, waarom hulle nie Bedryfskennis, Natuur- en Skeikunde en Huishoudkunde gekies het nie. Alhoewel effens geringer het dit ook aanleiding daartoe gegee dat sommige leerlinge Duits, Latyn, Biologie, Aardrykskunde, Tik en Rekeningkunde nie gekies het nie.[3]

### 5.6.3.1 GEVOLGTREKKING

Onvermoë op hierdie terrein was 'n baie groter steurnis vir die U- as vir die E-kursusrespondente en vir dogters as vir seuns.

### 5.6.3.2 AANBEVELING

Alle vakke leen hulle daartoe om interessant aangebied te word, besondere klem moet dus op hierdie aspek in die onderwysersopleiding gelê word.

## 5.6.4 ONVERMOË OM VAKKENNIS OOR TE DRA

Volgens 14,16% respondente[4] het hierdie eienskap, in vergelyking met ander eienskappe van vakonderwysers, die sterkste as negatief beïnvloedende faktor by vakkeuse gefigureer. Nadere ontleding toon dat 19,50% dogters, 12,89% seuns, 16,53% E-kursusleerlinge en 14,90% U-kursusleerlinge[5] sekere vakke om hierdie rede nie gekies het nie. Dit was die belangrikste rede waarom sommige leerlinge van Latyn, Wiskunde, en Biologie weggeskram het.[6] Die enigste vak waar dit geen invloed uitgeoefen het nie, was Handel.[7]

---

1. Kyk tabel 65.
2. Vergelyk paragraaf 4.9.4.
3. Ibid; vergelyk ook tabelle 53 tot 64.
4. Kyk tabel 65.
5. Kyk paragraaf 4.9.5.
6. Ibid; vergelyk ook tabelle 53 - 64.
7. Kyk tabel 56.

### 5.6.4.1 GEVOLGTREKKING

Onvermoë om vakkennis oor te dra het groter negatiewe invloed uitgeoefen op dogters as op seuns en op E- as op U-kursusleerlinge.

### 5.6.4.2 AANBEVELING

Deeglike kennis van die vak, gereelde voorbereiding van lesse, vakdidaktiek en evaluering van leerlinge moet besondere aandag geniet by onderwysersopleiding, tydens klasinspeksies, by alle voortgesette onderwysersopleiding, maar ook, en veral, van iedere individuele onderwyser.

### 5.6.5 ONVERMOË OM KONSEKWENT EN OBJEKTIEF STRENG EN REGVERDIG TE WEES

In vergelyking met bogenoemde negatiewe eienskappe van vakonderwysers/esse oefen objektiewe strenge en regverdige optrede geringe invloed uit.(7,89%).[1] Dit is egter deur 12,00% dogters, 7,81% seuns, 12,90% E-kursusleerlinge en 5,77% U-kursusleerlinge aangevoer as rede waarom hulle sekere vakke nie gekies het nie.[2] Hierdie negatiewe eienskap het 'n belangrike negatiewe rol gespeel by die keuse van Duits, Handel, Rekeningkunde, Huishoudkunde, Tik, Biologie en Bedryfskennis.[3]

### 5.6.5.1 GEVOLGTREKKING

Meer dogters en E-kursusleerlinge is deur hierdie eienskap beïnvloed as seuns en U-kursusleerlinge. Voorgaande impliseer dat ook hierdie aspek van die pedagogiesdidaktiese toerusting van onderwysers besondere aandag verg.

---

1. Kyk tabel 65.
2. Kyk paragraaf 4.9.6.
3. Ibid; vergelyk ook tabelle 53 tot 64.

## 5.6.6 ONOORDEELKUNDIGE TUGUITOEFENING

Bogenoemde faktor het nie besonder swaar geweeg nie, (7,35%)[1] maar het nogtans 10,50% dogters, 7,81% seuns, 12,50% U-kursusleerlinge en 6,05% E-kursusleerlinge[2] beïnvloed om sekere vakke nie te kies nie. Die vakke waar dit 'n belangrike negatiewe rol gespeel het, was Duits, Huishoudkunde, Geskiedenis, en Latyn.[3] Hierdie eienskap het geen invloed by die keuse van Handel, Bedryfskennis en Tik uitgeoefen nie.[4]

### 5.6.6.1 GEVOLGTREKKING

Meer dogters en U-kursusleerlinge is deur hierdie faktor beïnvloed as seuns en E-kursusleerlinge. Ook hier impliseer die bevinding konsentrasie op tuguitoefening tydens onderwysersopleiding en in die daaglikse werk in skole.

## 5.6.7 EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSERS/ESSE MET GERINGE NEGATIEWE INVLOED OP VAKKEUSE

Die oorblywende eienskappe van die vakonderwysers/esse het slegs geringe negatiewe invloed op vakkeuse uitgeoefen, naamlik onvermoë om puik matriekuitslae te behaal, onvermoë om Christelike beginsels te handhaaf, gebrekkige vakkundigheid en ontoeganklikheid.[5] Eersgenoemde het slegs t.a.v. Biologie en Rekeningkunde in 'n mate gefigureer.

## 5.7 TEKORTKOMINGE VAN DIE ONDERSOEK

1. Die proefpersone was almal Afrikaanssprekend en leerlinge uit een skool. Alle bevindinge het derhalwe slegs betrekking op die onderhawige universum en kan

---

1. Kyk tabel 65.
2. Kyk paragraaf 4.9.7.
3. Ibid; vergelyk ook tabelle 53 tot 64.
4. Kyk tabelle 56, 58 en 64.
5. Kyk tabel 65.

nie veralgemeen word nie. Die hoop word gekoester dat hierdie ondersoek opgevolg sal word deur 'n empiriese studie van 'n verteenwoordigende steekproef van alle Suid-Afrikaanse leerlinge ten einde hierdie bevindinge deeglik te toets.

2. Daar is t.a.v. persoonlike en vakeienskappe se invloed op vakkeuse slegs algemene tendense bepaal. Dit is nodig om dieper in te dring in hierdie aspekte, ten einde spesifieke beïnvloedende aspekte fyner te omlyn.

## 5.8 NEWEPRODUKTE

Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geword dat verdere ondersoek rondom die onderhewige probleem noodsaaklik is. Die volgende kan genoem word:

1. Die probleem moet op 'n baie wyer vlak ondersoek word. Een skool, as proefskool, is nie voldoende nie. 'n Steekproef uit die hele skoolbevolking moet by 'n soortgelyke ondersoek betrek word.

2. 'n Ondersoek in diepte, verkieslik faktor-analities, moet onderneem word na die invloed van besondere eienskappe van persone aan die skool verbonde op vakkeuse. In hierdie ondersoek behoort besondere aandag aan die vakonderwyser en die voorligteronderwyser gegee word. Sodoende kan moontlik vasgestel word waarom sekere leerlinge sekere onderwysers persoonlik onaanvaarbaar vind en ander nie, waarom leerlinge sekere onderwysers ontoeganklik of onmagtig vind om vakkennis oor te dra of te motiveer.

3. 'n Besondere ondersoek moet ingestel word na die redes vir die voorligteronderwyser se klaarblyklike geringe invloed op vakkeuse.

4. Daar moet ondersoek ingestel word na die invloed van ouers op vakkeuse, wat in hierdie ondersoek die grootste blyk te wees. Die vraag of die ouers altyd in staat is om die regte invloed uit te oefen, moet hierin deeglik aandag geniet.

5. Die invloed van maats op vakkeuse, wat in hierdie ondersoek die derde grootste blyk te wees, moet deurtastend ondersoek word. Oor die algemeen is maats nie die geskikste persone om invloed op vakkeuse uit te oefen nie. Die rede vir hulle groot invloed, veral by die E-kursusleerlinge, moet vasgestel en weë tot eksploitasie daarvan moet ondersoek word.

## 5.9 SLOTOPMERKINGS

Die probleem in verband met faktore wat vakkeuse beïnvloed is lank nog nie deur hierdie ondersoek opgelos nie. Die omvang van sekere faktore wat vakkeuse beïnvloed, naamlik invloedspersone onder andere die ouers, 'n persoon in 'n beroep, broers en susters, maats, die vakonderwyser en faktore in die vak self is blootgelê. Om die omvang van beïnvloeding deur hierdie faktore te ken, los egter nog nie die probleem van vakkeuse op nie, daar moet nog gedelf word in die subjektiewe waaroms van hierdie invloed.

Alleen wanneer ware onderlinge samewerking en kommunikasie tussen ouers, kind en skool bewerkstellig en in stand gehou kan word, en wanneer voldoende geleenthede aan wetenskaplik onderlegde voorligteronderwysers gegee word, sal moontlik daarin geslaag kan word om die leerling op wetenskaplik verantwoorde wyse te beïnvloed om 'n vakkeuse te maak wat by sy vermoëns en die behoeftes van die land pas en wat elke kind in staat kan stel om tot volle selfverwesenliking en diensbaarheid aan God en medemens te kom.

Dit geld nie net vir die verstandelik begaafde kind nie, maar ook vir hulle wat minder begaafd is en selfs verstandelik agterlik is, want „..... vir die een gee Hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë ....."[1]

---

1. Mattheus 25:16.

## 5.10 ENGLISH SUMMARY


### THE FACTORS THAT INFLUENCE CHOICE OF SUBJECTS AT THE END OF STANDARD 8 IN A SPECIFIC SCHOOL

The main objective of this research is to discover the factors influencing pupils at a specific school in their choice of subjects, and to ascertain as far as possible the effect of the various factors. A questionnaire was set for all the pupils and this was followed up with personal interviews. The following are the most important conclusions drawn:

1. Parents, a respected relative or a friend who has achieved success in a certain vocation have the greatest influence on a pupil. This is followed in diminishing order of influence by school friends, brothers and sisters, the teacher of a favourite subject, the guidance teacher, the principal and the class teacher.

2. Parents and friends exercise greater influence on the choice of subjects by U-course pupils and E-course pupils respectively.

3. As regards the subjects chosen, the incentive is either interest or usefulness in a future career.

The research made it clear that the following should receive prompt attention:

1. Objective information about the content and value of subjects, as well as the implications of chosen courses should be made more readily available to the public, while specialists appointed by the Education Department should discuss the possibilities of each in the press or on the radio. When

television is available this can figure prominently.

2. Sufficient and well trained counsellors and guidance teachers with the main responsibility of giving fundamental scientific guidance regarding choice of subjects, courses and careers, should be appointed.